# Die Kruin-o-gram

28 Februarie 2021 - Uitgawe 04

## God is regverdig| 2 Kronieke 36:11-22

Om ‘n breë verstaan van Kronieke te kry, lees gerus die Kruin-o-gram van die 14de Februarie 2021. 2 Kronieke 36 vertel van die Koningskappe van die laaste vier Joodse konings – Jehoagas, Jojakim, Jojagin en Sedekia. Al die konings se regeringsjare was so sleg dat die skrywer van Kronieke nie spesifiek noem wat hulle verkeerd doen nie, net hulle het “gedoen wat verkeerd is in die oë van die Here”. Wanneer ons na Sedekia se koningskap gaan kyk, sien ons egter dat Sedekia een fout begaan het, naamlik dat hy nie na die spreekbuis, die profeet (Jeremia), geluister het nie en as gevolg van sy eie selfsug het die koninkryk van Juda tot ‘n geweldadige einde gekom.

### Kores die Grote, die messias

Kronieke 36 eindig met die voorspelling van Kores die grote, wat ‘n einde sou bring aan die Joodse ballingskap. Hierdie voorspelling is ook die einde van die TaNaK. Hierdie is opsetlik gedoen, om die voorspelling van die messias te laat uitloop in die koms van Kores die grote. Vir die Joodse geleerdes was Kores dus gesien as die messias en daarom het die skrifgeleerdes, in die tyd van Jesus, nie verstaan hoekom Jesus Homself die messias noem nie, want volgens die Joodse geleerdes, het die messias alreeds gekom.

Hierin sien die leser die agenda van die Kronieke skrywer. Dié agenda was om die foute van die konings in Juda te vergroot, sodat die leiers van die tempel, meer gesag kan geniet. Hierdie was baie belangrik vir die herstrukturering van die Joodse samelewing na die Babiloniese Ballingskap, omdat dit die gesag van die tempel, soos ons dit later in Jesus se lewe sien, gevestig het. Dit is van hierdie tyd af (ongeveer 450 B.C.E.) dat die Jode se godsdiens baie strenger word in die toepassing van die Joodse wet.

As gevolg van die Persiese oorheersing, moes alle lande ‘n wet oorhandig aan die Persiese owerhede, waarmee die Perse kon regeer. Dit is in hierdie tyd wat die Tora en die Profete (Nevi’im) gefinaliseer word, wat nog verdere gesag aan die tempel verleen het.

# Delf Dieper

Hierdie gedeelte van die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van Delf dieper is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

1. Na mekaar
    a. Hoe gaan dit met jou hierdie week?
    b. Sou jy sê God is regverdig? Hoekom?

2. Na God
    a. Lees 2 Kronieke 36:11-21
    b. Wat val jou op wanneer jy hierdie gedeelte lees?
    c. Dink jy God straf?
    d. Was God regverdig in sy optrede teenoor die Jode?
    e. Hoe dink jy moes die Jode oor die gebeure in 2 Kronieke 36 gevoel het?

3. Na mense
    a. Hoe gaan jy laat regverdigheid geskied in die week wat voorlê?





# Abraham vertrou op God

## Genesis 12-17

Abraham en sy vrou, Sara, was baie lief vir God.

Op 'n dag het God vir Abraham gesê om na 'n nuwe land toe te trek. Abraham, Sara en hulle helpers het al hulle goed opgepak en gegaan.

Abraham se broerskind se naam was Lot. Lot en al sy helpers het ook saamgegaan.

Die helpers het begin baklei. Daar was nie genoeg gras vir al die diere nie. Toe sê Abraham vir Lot: "Kies die deel van die land waar jy wil bly."

Lot het die beste deel gekies. Dit het die meeste groen gras en die meeste water vir die diere gehad. Lot het na sy nuwe huis toe getrek.

Toe seën God vir Abraham. God het gesê: "Die hele land wat jy hier sien, gaan eendag vir altyd aan jou behoort. Jy en Sara sal ook geseën wees met baie kinders."

God het vir Abraham en Sara na 'n plek toe gelei met die naam Hebron. Dit was baie mooi daar. (Uit: Bybelstories vir beginners)



## Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Sondag 28 Februarie** | |
| Valerie Cawood | 063 695 4194 |
| Francois Moller | |
| | |
| **Maandag 01 Maart** | |
| Bianca Blignaut | 083 450 6499 |
| Jonanda Opperman | 074 643 0814 |
| Melissa Venter | 079 609 0550 |
| Hanru Vos | 012 332 0862 |
| | |
| **Dinsdag 02 Maart** | |
| Lorna Christie | 082 782 6383 |
| Heindrich de Jager | 082 558 7310 |
| Doni Harding | 012 804 1442 |
| Grant Pelser | 012 804 0852 |
| Jacques Pienaar | 012 804 7566 |
| Emma Vincent | 082 601 8282 |
| | |
| **Woensdag 03 Maart** | |
| Barney Lamprecht | 084 503 4709 |
| Albert le Roux | 082 331 7969 |
| Susan le Roux | 064 651 2231 |
| Herman Steyn | 072 508 8276 |
| | |
| **Donderdag 04 Maart** | |
| Hilie Green | 012 804 0535 |
| | |
| **Vrydag 05 Maart** | |
| Estelle Nieuwoudt | 012 804 5657 |
| Lenhardt Stoltz | 072 337 0679 |
| | |
| **Saterdag 06 Maart** | |
| Heinrich le Roux | |
| Johann Malherbe | 012 804 7933 |
| | |

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

## Gebedslys

**KANKER**
Charles Du Plessis - Neeltjie Barnard – Martie van der Merwe
Johnny Redelinghuys - Koos Barkhuizen - Susan Bianchina
Rita Pieters - Yvonne Lombard

**GESONDHEID**
Hilie Green - Mimi Fourie
Heleen Morton (Benodig 'n nier vir 'n niervervanging, ons bid dat haar dogter se nier geskik sal wees).
Klein Janro de Jager. Ook sy ouers, Japie en Tia. Tia is tans ook swanger en beleef baie spanning rondom klein Janro.
Alex Smit

**OPERASIES**
Bjorn Marais – bid asb. Vir volkome herstel

**AFSTERWE**
Jayden Boiens se mamma is oorlede
Föller gesin se seun is oorlede

**SWANGERSKAPPE**
Runé en Eckard Erasmus - Tia en Japie de Jager - Bianca en Paul Steyn

**GEBOORTES**
Werner en Charmaine Oosthuizen – Olivia

**ONS BID OOK VIR**
ons gesondheidswerkers en almal wat geaffekteer is deur Covid-19
Ons loof die Here vir wonderlike matriekuitslae ten spyte van 'n uiters moeilike en uitdagende jaar.

## Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™

## Kry ons Toep

vir

1. Die nuutste gebeure in ons gemeente
2. Al ons Eredienste, Bybelstudies en Kategese material
3. Om meer inligting te bekom oor huwelike, dope en begrafnisse

